# AS DIT DONKER WORD OM MY

# SKRIFLESING

**Ps 143:1-6**

1 ‘n Psalm van Dawid. o HERE, hoor my gebed; luister tog na my smekinge; verhoor my in u trou, in u geregtigheid.

2 En gaan nie na die gereg met u kneg nie, want niemand wat leef, is voor u aangesig regverdig nie.

3 Want die vyand vervolg my siel; hy vertrap my lewe teen die grond; hy laat my woon in duisternisse soos hulle wat lankal dood is.

4 En my gees versmag in my, my hart verstyf in my binneste.

# SKRIFLESING

5 Ek dink aan die dae uit die voortyd; ek peins oor al u dade; ek dink ná oor die werk van u hande.

6 Ek brei my hande tot U uit; my siel dors na U soos 'n uitgedorde land. Sela.

# AGTERGROND

- Dawid in spelonk – Engedi.
- Koning Saul wil Dawid doodmaak.
- Dawid afgekap van sy familie, erfdeel, sy paleis.
- Dawid in die donkerste uur van sy lewe – duisternis.

## Ps 143:3

Want die vyand vervolg my siel; hy vertrap my lewe teen die grond; hy laat my woon in duisternisse soos hulle wat lankal dood is.

- Vyand vervolg my
- Vyand vertrap my
- Vyand laat my woon in duisternis

→ Hoe ons somtyds voel – dis donker……….

# DUISTERNIS

- Duisternis is net **tydelik**.
  *Môre sal die son weer skyn.*
- Donkerste uur is net **voor** die son opkom.
- Leer jou afhanklikheid van God.

# WAT DOEN EK IN MY DUISTERNIS?

## 1. Weet God is met jou in jou duisternis.

- In jou duisternis, jou laagtepunt, voel dit asof God jou verlaat het.
- Die hemel het stil geword.
- Die duiwel praat met jou.

→ Die waarheid is………………..

**Ons het 'n belofte!**

**Jes 43:2**

As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere—hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.

**Ps 143:6**

Ek brei my hande tot U uit; my siel dors na U soos ‘n uitgedorde land.

# DUISTERNIS

- Blinddoek gespeel
  - ⇨ blinddoek oë
  - ⇨ spin in die rondte
  - ⇨ moet soek

*WAT DOEN JY INSTINKTIEF?*

**Strek jou hande uit…………**

- Jy kan nie voel nie.
- Jy kan nie sien nie.
- Jy kan nie ervaar nie.
- Maar jy weet daar is iemand……………..

- Somtyds ➡ kragteloos, laag neergegooi
  ➡ strek jou hande uit na God, want Hy is daar!

# WAT DOEN EK IN MY DUISTERNIS?

## *2. Weet Jesus is die Lig in die duisternis*

**Jes 9:1**

Die volk wat in duisternis wandel, het ‘n groot lig gesien; die wat woon in die land van die doodskaduwee, oor hulle het ‘n lig geskyn.

**Joh 1:4-5**

4 In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.
5 En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

**Laat toe dat die Lig – Jesus – in jou duisternis instap en dit verwyder.**